# 11 Augustus 2023 - Lesing 97 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Beproef van geestelike goedere of dit van Goddelike oorsprong is **–** 14/1/59

**NO: 7255** Julle kan geestelike spyse **slegs van My Self aanneem** en daarom moet **alles in sy oorsprong beproef word,** wat julle as "geestelike voedsel" aangebied word. Weliswaar beroep alle verkondigers van die goddelike woord hulle daarop, om die suiwer waarheid vanuit My te verkondig, maar dan sou alle verkondigers ook dieselfde moes onderrig; daar sou **geen verskillende geestelike rigtings of geloofs-belydenisse mog gewees het nie**, maar wat tog almal in hul leerstof van mekaar afwyk.

Dus is 'n ondersoek beslis nodig, welke leer in sy oorsprong na My teruggevoer kan word. En dit vereis nadenke daaroor, wat egter nie beteken dat nadenke alleen 'n oordeel bereik waaraan nie getwyfel kan word nie, omdat ook slegs die denke dan weer verskillende uitkomste sou laat sien.

Die verstand alleen is dus nie maatgewend vir die beoordeling van geestelike goedere rakende waar-heidsgehalte nie. Maar die verlange na die waarheid kom eers tot uitdrukking wanneer die mens tenminste daaroor gaan **nadink**, of waarheid of dwaling vir hom aangebied word. **Die wil om die waarheid te ken**, verseker hom dan ook van korrekte denke in die ondersoek na waarheid en die mens begin kritiek te lewer oor dit wat aan hom oorgebring word.

En daarom is daar 'n ondersoek nodig, **omdat vervormde geestelike goedere nie die heiligmakende krag het**, sodat die siel daarvan kan genees nie, dat sy kan ryp word, sodat die voedsel wat sy benodig haar honger kan stil.

'n Misvormde leer is geen suiwer voedsel meer vir die siel nie, maar kan eerder daartoe bydra dat die siel siek en swak bly en tog niks wil onderneem om weer gesond te word nie, omdat die mens eenvoudig nie herken dat die voedsel wat hom aangebied was, net nie kan deug nie.

**Geestelike voedsel moet kom vanuit die Ryk waarheen die siel eenmaal weer moet terugkeer**, want sy is slegs 'n gas op hierdie aarde, om eenmaal geskik te word vir die geestelike ryk en hierdie geskiktheid moet sy dus bereik, deur die toevoer van spys en drank, deur voedsel wat haar sal help om 'n sekere rypheid van die siel te bereik.

En hierdie rypheid is weer **nodig om die Ligryk binne te gaan**, wat die ware tuiste (Vaderland) van die siel is, maar wat ook 'n toestand van die siel vereis, wat sy eers op aarde moet bereik.

En Ek bied haar nou hierdie ware spys aan en gelukkig is sy, wat die **brood van die hemele** regstreeks uit My hande aanneem, gelukkig is diegene wat **nêrens anders** hul voedsel gaan haal nie, gelukkig is sy wat na die bron gaan, wanneer sy wil drink en haarself wil lawe vir die pelgrimstog oor die aarde wat die siel sekerlik sal laat rypword en haar **geskik maak vir die geestelike ryk.**

Maar nie die siel wat misvormde goedere tot haarself neem, wie se spyse vermeng is en wat geen aanspraak meer kan maak op die aanbieding van gawes uit My hand nie. Hierdie siel sal nie veel geneeskrag haal uit die spys wat sy in ontvangs neem nie en sy sal goed doen om die rivierloop terugwaarts te volg, om uit te vind of hierdie na die ware bron voer en of Ek die Gewer Self is van dit wat sy aangebied was.

En sy sal nou veel liewer haar voedsel by die bron in ontvangs neem. Die mens sal dan geen genoeë meer neem met 'n afgewaterde leer nie, hy sal nou ook self kan beoordeel wat sy siel dien tot opbouing, want hy kan dit nou as waarheid ervaar, wanneer aan hom 'n kragtige spys en 'n verkwikkende drank aangebied word, wat hy tevore nouliks kon gewaarword.

Die siel, wat siek is en gesond wil word, het ook **gesonde en kragtige voedsel nodig**. En geen siel wat oor die aarde gaan is ryp nie; elke siel het versterking nodig, sy het spys en drank nodig, wat haar moet laat oplewe en haar oprig, wat aan haar die toestand sal verskaf waarin sy haarself eens bevind het, wat egter **slegs uit My hand gewaarborg kan wees** wanneer die mens die regstreekse weg na My sal neem en homself **deur My** sal laat voorsien van spys en drank.

Dan sal die siel gesond word, sy sal haar voleinding tegemoet gaan, want wat van My kom kan die siel slegs tot seën wees, **omdat My liefde haar die lewe wil besorg, wat sy nie meer sal verloor nie**. Amein.